



Goeie genetiese eienskappe gee die finansiële deurslag in 'n skaapvoerkraal, is in proewe deur 'n voedingkundige bewys. FOTO: CSIRO

## WENKE VIR BETER PRESTASIE IN SKAAPVOERKRALE

Goeie genetiese eienskappe in 'n skaapvoerkraal sit aansienlik meer geld per skaap in die boer se sak.

Mnr. Johan Mouton van RCL Foods het 'n proef met twee groepe lammers gedoen. Die eerste groep diere het hy as normaal geklassifiseer. Hy het hulle uit 'n groot kudde gaan uitsoek. Hulle het 'n voeromsettingsverhouding (VOV) van 5,2 kg voer vir elke kilogram liggaamsgewig gehad en gemiddeld 260 g per dag gegroei in die 62 dae wat hulle in die voerkraal gestaan het. Elke dier het gemiddeld 83,2 kg voer in dié tyd gevreet.

Die tweede groep lammers was uit 'n stoetery. Hulle het 'n VOV van 4,56:1 gehad en gemiddeld 310 g per dag gegroei. Hulle was slag gereed as klas A2-lammers op 52 dae en het gemiddeld elk net 72,9 kg voer gevreet.

Teen die heersende vleispryse het genetiese eienskappe 'n verskil van R41 inkomste per dier tussen die groepe te-weggebring.

Johan sê die sleutel tot winsgewendheid is om die VOV in voerkrale deur bestuur aanhoudend te verlaag. "Maak seker jy koop die regte lam om te voer. Koop lammers met goeie genetiese eienskappe."

Hy het boere afgeraai om hulle blind te staar teen die hoeveelheid dae wat diere in 'n voerkraal staan. "Kyk eerder na die kondisie van die dier as om jou voerkraal op 'n tydperkgrondslag te bestuur."

Johan sê 'n mens leer gou om die vetklassifikasie van 'n lam met jou hande op die dier se rug aan te voel. "As jou dier by klas A2 of A3 kom, moet jy slag. Dit help nie om dan nog 'n paar dae te voer tot op 'n teikengewig nie. Dit gaan bloot meer vet aan die karkas sit. Die oomblik wat die vet by klas A4 verbygaan, begin jy inboet op jou prys. Jy kan R4/kg tot R5/kg minder kry vir jou vetter dier."

## AANPASSING

Johan sê hoewel daar baie gewag gemaak word van 'n spesifieke voermengsel vir 'n aanpassingsfase, die groeifase en die afrondingsfase, moet boere in gedagte hou dat dit diere elke keer omtrent 14 dae kos om die suurvlakke in die rumen te stabiliseer wanneer van voer verander word.

Daarom beveel hy aan dat nuwe lammers wat van die veld af kom, vir die eerste drie tot vier dae net lusern kry om te vreet. Van dag vier af kan boere hul gewone voerrantsoen teen sowat 300 g per dier per dag bygee en die rantsoen met 100 g per dag vermeerder. Van dag 10 af kan die skoon lusern weggeneem word en diere kan dan die voerrantsoen kry tot hulle geslag word.

Op dié manier boet jy nie elke keer 'n bietjie groei in wanneer van rantsoen verwissel word en die diere eers weer moet aanpas nie.

"Die data wys dat hierdie stelsel werk," sê hy, maar waarsku dat boere nie moet skrik as hulle teen dag 12 of 13 sien van hul diere het diarree nie. "Die moeilikste ding om te doen wanneer jy dit sien, is niks. Moenie lusern uitsit nie! Jy moet deurdruk. As dit ná twee of drie dae nog so lyk, dan kan jy weer lusern uitsit."

Johan sê dit is belangrik om te onthou net 10-15% van die diere kry diarree wanneer 'n mens die skoon lusern wegneem.

Oor die ruvoer in 'n voermengsel sê hy diere wat 15% ruvoer van 'n lae gehalte, soos meliestronke, gekry het, het gemiddeld R52 per dier minder verdien as diere wat 30% lusern by hul voermengsel gekry het.

## VOERKRAALWENKE

Goeie, skoon en koue drinkwater is be-

langrik. Sorg dat die water wat in jou krippe vloei, koud is. Plaas voer en waterbakke so ver moontlik van mekaar af.

In 'n voerkraalstelsel wil 'n mens diere uit jou voerkraal hê voordat hulle wissel omdat hulle geneig is om kondisie te verloor wanneer hulle wissel.

Jy wil 'n skoon vloer- of grondoppervlak in jou voerkrale hê wat effe afhel na een kant sodat reënwater nie opdam nie.

Maak ook voorsiening vir 0,5-1 m<sup>2</sup> skaduwee per dier.

Stofbeheer is belangrik. In 'n beesvoerkraal is die verskil tussen stofbeheer en geen stofbeheer 100 g per dag.

Hou voetrôe skoon. Waar jy selfvoerders gebruik, moet hulle een maal per dag leeg- en skoongemaak word om speekselbesmetting te keer. Dit sal help om siektes te voorkom.

Hoewel die aanvaarde norm 1,5 m<sup>2</sup> per skaap in 'n voerkraal is, meen Mouton groter is beter. Dit dra by tot beter groei per dag. Hy beveel 5-6 m<sup>2</sup> per skaap aan.

Dieselfde geld voerruimte – 20-30 cm per dier is optimaal, al sê die beskikbare literatuur 15 cm per dier.

Skei die geslagte van mekaar en groepeer diere van dieselfde grootte saam.

Bou van die begin af 'n hospitaalkraaltjie vir diere wat uitsak of skaamvreters is. As een werker oor 'n kraal toesig hou, sal dit help om daardie skaapvreters en siek diere vroegtydig te identifiseer.

– JASPER RAATS

## BESPAAR ARBEID MET DIË DRUKGANG

'n Mobiele swaardiensbeesdruk-gang bied nuttige en vernuwend ontwerpkenmerke wat beesboere wêreldwyd se belangstelling sal prikkel.

Suid-Afrikaanse vleisbeesboere wat die US Farm Progress-skou besoek het, sê die Cattleman Chute, 'n beeshanteringsdruk-gang-en-nekklamp, is 'n uitsonderlike stuk toerusting.

Die hanteringservaring in die druk-gang veroorsaak gewoonlik groot stres by diere en hul hanteerders. Versigtige en onwillige diere moet by die druk-gang ingedwing word en daar is baie geraas, wat bydra tot die stres van panikerige diere wat die beperkte ruimte probeer ontsnap.

Daar is ook tydsberekeningsprobleme wanneer die nekklamp aangesit word.